


En kyk, dit was baie goed

Gen 1:4, 10, 12, 17-18, 21, 25, 31, 2:18


9 April 2023

1. Vantevore: Sistematiese vordering in God se skeppingswerk, doelgerigte skepping, God rig soewerein skeppingsverbond op, skepping is op pad na ewige rus
2. Gen 1:31a – Alles wat God geskep het, was baie goed; verskeie elemente in skepping was goed (Gen 1:4,10,12,17-18,21,25)
3. Tipiese interpretasie: Baie goed = perfek
 - a. Alles was perfek, geen worsteling, geen sonde, geen dood nie (vgl Rom 6:23)
 - b. Afwesigheid van dood word geëkstrapoleer van mense na diere
4. Probleme met die interpretasie: Baie goed = perfek
 - a. Meeste vertalings vertaal met “baie goed”, nie “perfek” nie
 - b. Alles was “baie goed” – nie net die tuin nie
 - c. Waar kom dorings en dissels vandaan na die sondeval? (Gen 3:17-18, 2:1-2)
 - d. Dit was nie goed dat die mens alleen is nie (Gen 2:18)
 - e. Rom 6:23 – handel primêr oor geestelike dood en geestelike lewe van mense, sekondêr ook fisiese dood van mense (vgl Gen 2:17), glad nie oor diere nie
 - f. As Adam en Eva perfek was, hoekom kon hulle verlei word deur die duiwel?
 - g. Hoe is dit moontlik dat daar duiwel in perfekte skepping was?
 - Duiwel = engel (2 Kor 11:14), sondig van begin af (Joh 8:44, 1 Joh 3:8)
5. Alternatiewe interpretasie: Baie goed = baie goed om God se doel te bereik
 - a. Elke skeppingselement het 'n doel wat bydra tot God se oorkoepelende doel
 - Elke element is goed, en gesamentlik is dit baie goed
 - b. Interpretasie van “baie goed” bepaal hoe ons oor God se plan dink:

Baie goed = Perfek



Baie goed = om God se doel te bereik



- c. Selfs teenwoordigheid van dorings, dissels, die duiwel en feit dat die mens verlei kon word, het 'n goeie doel: skep geleentheid vir God om Sy heerlijkheid te toon
- d. Ps 104:24 – Alles is met wysheid deur God gemaak
- e. Ef 3:8-11 – God se wysheid word sigbaar deur die werk van Jesus Christus (daarom was dit goed dat daar 'n duiwel was voor die sondeval)